higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N6

(Eerste vraestel)

(10010556)

10 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: **Antwoordboek en A4-velle (rofwerk vereis meer).**

Alles benodighede en kunsmiddele wat in Modetekeninge gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en drie addenda van 4 bladsye.

029Q1B2010

Kopiereg behou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N6
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Teken alle sketse op die tikpapier wat verskaf word en plak hulle in die ANTWOORDBOEK.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

AFDELING A	:	50 punte
AFDELING B	:	50 punte
GRAND TOTAAL	:	100 punte

4. Gebruik die ruwe sketse ('croquis') wat in ADDENDUM A en ADDENDUM B verskaf word.

5. ADDENDUM C bevat instruksies vir die TWEEDE VRAESTEL. Dit moet aandagtig bestudeer word voordat die tweede vraestel geskryf kan word. MOENIE hierdie afdeling gedurende hierdie eksamen beantwoord nie.

6. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg behou

AFDELING A


VRAAG 1

1.1 Bestudeer die sketse hier onder aandagtig en teken geskikte bykomstighede om by die die gegewe uitrusting te pas. Toon slegs EEN nabyskets van die volgende:

1.1.1 Een paar gepaste skoene (5)

1.1.2 Een gepaste hoed (5)

1.1.3 'n Gepaste handsak (5)



1.2 Bestudeer die volgende sketse en identifiseer die verskillende bykomstighede en besonderhede op die kledingstukke soos genommer.



(10 × 1) (10)
[25]

VRAAG 2

2.1	2.1.1	Gee TWEE vereistes vir 'n goeie voorleggingskets.	(2)
	2.1.2	Gee TWEE ander name vir 'n plat skets.	(2)
	2.1.3	Watter TWEE drukmetodes is voorbeelde van reliëfdrukwerk?	(2)
	2.1.4	Definieer die term *ontwerpontwikkelingsblad*.	(2)
	2.1.5	Bespreek die term *aanstryker ('squeegee')*.	(2)
	2.1.6	Gee DRIE tipes toebehore en materiale wat benodig word om sifdrukkuns te doen.	(3)

2.2 Skryf 'n kort opsomming van die volgende Suid-Afrikaanse ontwerpers:

2.2.1 Dicky Longhurst

2.2.2 Julian Smith

2.2.3 Anthony B

(3 × 2) (6)

2.3 Skryf 'n kort opsomming van die volgende internasionale ontwerpers:

2.3.1 Christian Dior

2.3.2 Elsa Schiaparelli

2.3.3 Oscar de la Renta


(3 × 2) (6)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B


VRAAG 3

3.1 Gebruik ADDENDUM A om 'n produksietekening van die uitrusting te maak. Toon slegs die vooraansigte van al die kledingstukke wat deur die model gedra word. Hou al die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte.



(25)

3.2 Kies EEN van die ruwe sketse ('croquis') op ADDENDUM B om 'n voorleggingstekening te maak van 'n vrou wat die gegewe uitrusting dra. Toon die VOORaansig van die uitrusting in volkleur en sluit die bykomstighede wat by die uitrusting gedra moet word, in. Hou al die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte.




(25)
[50]


TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg behou

ADDENDUM A



ADDENDUM B



ADDENDUM C

INSTRUKSIES VIR DIE TWEEDE VRAESTEL

1. Gebruik die instruksies in Afdeling A van hierdie ADDENDUM om jou voor te berei vir die formele eksamen van die TWEEDE VRAESTEL.

2. Gebruik die gegewe tema om genoeg inligting vir die eksamen wat later volg, in te win.

3. Kandidate word toegelaat om al die geskrewe inligting, materiaalmonsters, bykomstighede, afwerkings, tydskrifprente en ander noodsaaklikhede by die eksamenlokaal in te neem om 'n stel glansbordpapiere en -sketse oor 'n gegewe tema te voltooi.

4. Tydens die vyf uur lange eksamen sal kandidate 'n inspirasiebord en/of ontwerpontwikkelingsvel en/of voorleggingsbord en/of produksiesketse en/of bord met bykomstighede oor die gegewe tema moet maak. Die kandidate hoef nie al die sketse in die ontwerpproses te teken nie. Die bepaalde sketse wat die kandidate wel oor die gegewe tema moet teken, sal aan die begin van die vyf uur lange eksamen aan hulle gegee word.

5. LET OP dat kandidate NIE ENIGE modesketse of glansbordpapiere by die eksamenlokaal mag inbring NIE. Alle sketse moet gedurende die eksamentyd van vyf uur gedoen word.

6. Die eksamenvraestel sal uit DRIE vrae bestaan. Dit sal DRIE verskillende soorte sketse of borde oor 'n bepaalde tema insluit. Elke vraag of glansbord/skets sal 100 punte tel. Die totaal van die tweede vraestel is 300 punte.

Kopiereg behou

AFDELING A VAN DIE TWEEDE VRAESTEL

Kandidate moet die instruksies vir die ontwerptema lees.

INSTRUKSIES VIR DIE ONTWERPTEMA

Gebruik die tema 'DIAMANTE EN PÊRELS' as 'n inspirasie vir die nuwe modeneiging. Ontwerp 'n reeks SWART, deftige damesaandrokke om tydens die Mercedes Benz-modeweek te dra.

Versamel inligting, stofmonsters, tydskrifprente, bykomstighede en ander noodsaaklikhede op hierdie tema om tydens die eksamen van vyf uur, wat binne 'n paar dae afgelê sal word, te gebruik.

MOENIE enige modesketse of modeborde gedurende jou voorbereiding teken NIE. Alle tekeninge en glansbordpapiere MOET GEDURENDE DIE FORMELE EKSAMEN geteken word. Die soort sketse wat jy moet maak, sal op die dag van die eksamen aan jou gegee word.

Jy sal toegelaat word om alle vergesamelde inligting by die eksamenlokaal in te bring, maar GEEN modesketse sal toegelaat word nie. Ruwe sketse ('croquis') sal verskaf word.

Jy moet jou eie tekenpapier en kartonpapiere vir jou tekeninge saambring. Borde sal nodig wees vir die afwerking van finale modeborde. Dit moet A3 wees en die kleur moet die reeks aanvul om 'n professionele eindproduk te lewer.

Netheid en aanbieding is belangrik en moet in gedagte gehou word.

LET OP dat jy alles wat jy nodig het vir 'n inspirasiebord en/of ontwerpontwikkelingsvel en/of produksiesketse en/of voorleggingsbord en/of bord met bykomstighede oor die gegewe tema, moet saambring. Dit sluit in tekenpapier, karton, kleurmiddels en ALLE versamelde inligting en noodsaaklikhede wat aangewend kan word om jou produkte so professioneel as moontlik af te rond. Elke kandidaat moet ook EEN GROOT KOEVERT (A3) saambring waarin al die borde en sketse wat tydens die eksamen gemaak gaan word, geplaas moet word.

Kopiereg behou